# W O R C E S T E R   A R B E I D S B E D I E N I N G

**NUUSBRIEF - Oktober 2022**

## 1. AGTERGROND EN INLEIDING

Arbeidsbediening het reeds in 1897 ontstaan. Ons werk in die hele Wes-Kaap, 'n groot deel van die Suid-Kaap en 'n deel van die Noordwes-Kaap, met 'n lyn vanaf noord van Springbok aan die Weskus, oor Beaufort - Wes tot by Plettenbergbaai aan die Suidkus. In dié gebiede is 'n aantal bedieningskomitees aktief besig om mense in en om hulle werkplekke te bedien.

So ook bestaan Arbeidsbediening in Worcester al baie jare om mense in die werksplekke te bedien, 'n deel van die markplein wat nie noodwendig aan die Woord blootgestel was - of word nie.
Die Covid 19 pandemie het egter hier 'n groot negatiewe invloed gehad omdat personeel in die sowat 74 werkplekke wat gereeld bedien is, nie meer bedien kon word nie en alles het vir 29 maande tot stilstand gekom.
Op 18 Mei 2022 is `n nuwe Bestuurskomitee vir Worcester saamgestel en 4 Julie het die herontplooingprogram weer begin.

**Bestuurskomitee vir Worcester**



Links na regs: Natale Roelofse - Sameroeper: Gassie Carstens – Mentor: Kobus van den Bergh – Koördineerder

## 2. <u>ONS DOEL IS:</u>

- Om die evangelie van Jesus Christus met die waardes en deugde van God se Koninkryk in Worcester en Rawsonville se arbeidswêreld te help verkondig.
- Om `n gewete vir die markplein te wees.
- Ons bring die volgende na die werksplek:
  - Woordbediening, ondersteuning en motivering aan personeel.
- Ons werk saam met ander Christelike kerke en streef na eenheidsbediening.

## 3. <u>AKSIES EN GEBEURE</u>

- `n Strategiese beplanning is gedoen met die formulering van `n visie, missie, doelstellings, doelwitte en aksieplan wat periodiek evalueer en her beplan word.
- `n Intersessie gebedsgroep is saamgestel.
- Korrespondensie is aan 74 besighede (wat vroeër betrokke by WAB was asook `n paar nuwes) gerig om vas te stel of hulle weer dienste wil hê.
- Sò ook is dieselfde met 40 bedienaars/vrywilligers gedoen. (Die persone wat help is vrywilligers wat ons egter bedienaars noem)
- Antwoorde van diegene wat weer deel wil wees van ons program is opgevolg met `n tweede en derde brief asook met persoonlike besoeke en of oproepe. Hierdie proses is verdeel tussen ons drie bestuurslede.
- Nadat die doelwit soos beplan vir 1 Julie bereik is, is daar begin om te fokus op hierdie groep besighede en bedienaars om met fase een te begin.

  Fase een begin op Maandag 4 Julie met:

    - 25 Besighede
    - 41 Besoekpunte
    - 12 Vrywilligers/Bedienaars
    - 1 Leraar
    - 1 Gemeente as `n Beskermheer vir WAB

  Fase twee het op 1 Augustus begin en duur tot 9 Desember 2022.

    - Op 3 Augustus 2022 is `n inligting en oriënteringsessie vir die bedienaars gehou. Sertifikaat (sommer ons eie) is toegeken aan Gassie Carstens vir jare lange dienste en as vorige organiseerder van arbeidsbediening.

**Sertifikaat vir Gassie**



## 4. INLIGTING OOR WERKSAAMHEDE EN DIENSTE

Opsommende statistiek van ons dienste vanaf 4 Julie tot 30 September.

<u>Personeel/Werkers bereik.</u>

| Personeel | Julie | Augustus | Groei | September | Groei | Groei Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 831 | 1230 | 48% | 1584 | 29% | 91% |

**<u>Ons het dus reeds in drie maande se tyd 3645 mense in die werksplekke bedien.</u>**

<u>Besighede wat deelneem aan bediening.</u>

| Besighede | Julie | Augustus | Groei | September | Groei | Groei Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 25 | 36 | 45% | 45 | 25% | 80% |

<u>Bedienaars wat help.</u>

| Bedienaars | Julie | Augustus | Groei | September | Groei | Groei Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 11 | 17 | 55% | 22 | 35% | 100% |

**<u>Boodskappe:</u> Sowat 120 verskillende boodskappe met Bybelse teksverwysings is reeds aan mense bedien. Halleluja!! Baie dankie aan al ons bedienaars!!**

## 5. ONS BEDIENAARS

Bedienaars wat hul eerste Arbeidsbediening besoek gedoen het, kry `n sertikaat met die besigheid se naam en datum (vir goeie herinneringe).

Die nuwe bedienaars se beurte en sertifikate kom nog.

**WP Viljoen, Elmari Cilliers, Elmarie van Aarde**







**Shirley Rabie, Ds. Jan Oberholzer, Joggie Mentz**







**Costa Vranas, Salome Vranas, Arnold Kitshoff**









**Santa Bothma, Ds. Uys Theron, Ds. GP Kellermann**







**Past. Attie Victor, Ds. Phanus Bester, Ds. Hans Steyn, Ds. Pieter Burger**







**Alta Human en Past.Tertius van Lill, Beat Reyneke, Amanda van den Bergh**







**Natale Roelofse, Gassie Carstens en Kobus van den Bergh**





Afwesig:  Irma Bredenkamp en Ds. Malcolm James (Hy sal weer 2023 bedien)

**6. GETUIENISSSE**

- **Annalie le Roux** van Initium Professionele Dienste sê*: "Ons firma ontvang al `n hele paar jare boodskappe en gebed via die Arbeidsbediening.  Dit was hartseer toe dit agv Covid moes stop. Vir my as persoon, was dit nog altyd baie lekker om die boodskappies te hoor, mens voel soms mismoedig en dan skielik is daar iemand wat met `n boodskap van Jesus na jou toe kom. Dis wonderlik as mens in die donker gat is om te weet daar is Iemand, jy is nooit alleen nie. Hy dra jou deur alles.  En skielik sien jy weer kans vir alles om jou en jou dag se werk. God*

*is Goed, Hy stuur die verskillende mense van verskillende oorde na ons om te wys. Baie dankie vir die wonderlike werk wat jul doen".*



- **Daleen Prins** van Worcester Bakwerke sê: "*Die Woord stig ons veral as jy deur iets gaan en dit voel vir jou om nie meer aan te gaan nie en moed wil verloor".*



- **Tanya Fredericks (links) en Brenda Rose** (kontakpersoon en voorsanger) van Bottelering getuig hoe WAB hulle help in hul werk en ook tuis in moeilike omstandighede. Hoe dit hulle geloof versterk en selfs help om na ander uit te brei





### 7. BESOEKPUNTE

- SAP Rawsonville

  Na arbeidsbediening by SAP Rawsonville op 28 September 2022, staan Babsie, `n Engelssprekende Xhosa polisievrou met WAB se samestelling van lofliedere in haar hand en wys my daarop dat die liedjie (nommer 8 in ons dokument): "*Die liefde van Jesus is wonderbaar, wonderbaar………*" haar "favourite" liedjie is en dit spontaan begin sing, in Afrikaans natuurlik Met die volgende bediening is `n Malinda reg met haar kitaar en daar sing on suit ons lofliedere bundel!!






- Chrisma Slaghuis





- De Jagers Stoor





- Drs. Linde en Vennote (Dokters spreekkamer)

8. **TOEKOMS BEPLANNING**
    - Daar is tans `n paneel van 7 persone wat help beplan aan ons aksies vir 2023 veral ten opsigte van ons temas en onderwerpe vir bediening.
    - Sowat 200 addisionele besighede is reeds geïdentifiseer en sal genader word soos ons programme prorata uitbrei.
    - Die rol van bedienaars is die spil waarom alles draai, ons benodig sommer nog baie! Ons het die voorrreg om vir Ds. Oberholzer by besighede te gebruik waar daar Dowe persone is. Hy is die leraar by die Familiekerk vir Dowes en maak dus kommunikasie vir daardie groep personeel soveel makliker.
    - Indien besighede of individuele persone wil bydrae tot die dienste sal dit baie verwelkom word.
      **Bankbesonderhede: Handel en Nywerheid. Absa. Worcester. Spaar. Rek no. 38069630313**
    - Ons benodig Bybels, veral Xhosa Bybels, die nuwe vertaling.

9. **GERIG AAN:**

- **Ons Besighede**
  **Baie dankie dat u ons toelaat om u personeel in u besigheid te bedien. Ons wil graag vir elkeen iets van God se Koninkryk help gee, sodat dit `n betekenisvolle rol in hulle eie lewens, maar ook in u besigheid kan speel.**
- **Ons Bedienaars**
  **Baie dankie vir julle bereidwilligheid om mense in hul werkplekke te bedien, te help voed aan hulle geestelike, maar ook ander behoeftes van menswees en dan natuurlik die kosbare en goeie nuus van die Woord.**

- **Ons Finansiële ondersteuners**
  **Baie dankie vir julle bydrae, ondersteuning en hulp om ons bediening se prosesse te help olie!**

**Shalom vir elkeen**

***Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.***
***Johannes 7:38***



**++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++**

**Saamgestel deur:**
**Kobus van den Bergh**
**Koördineerder**
**14 Oktober 2022**

**Vir navrae - kontak my by 0824596316 of arbeid8@gmail.com**